



Matriek: Pak leerwerk só aan

‘Al wat help, is ure se studeer’

Andrea Küsel

Talle matrikulante vier Vrydag die laaste paar weke voordat die rekord-eksamen begin en dit is beslis nie nou te laat om te begin leer nie.

“Dit is nooit te laat om te begin leer nie, maar al wat uiteindelik help, is om baie ure van studie in te sit,” sê Hugo Vermeulen, hoof van opleiding van die Skoleondersteuningsentrum (SOS).

Prof. Elda de Waal, onderwysregkenner aan die Noordwes-Universiteit (NWU), stem saam en sê leerlinge kan steeds ’n aksieplan opstel, al het hulle min tyd oor.

“Die eerste stap sal wees om kontak te maak met jou onderwysers en vriende om al die werk te kry wat jy gaan nodig hê om te leer.”

De Waal sê matrikulante wat gewoonlik ’n bietjie langer wag voordat hulle begin leer, het nie altyd al die nodige inligting tot hul beskikking om te begin leer nie.

“Gaan dus vandag, en nie môre nie, en kry al die inligting en werk wat jy nodig het. Dan leer jy so hard as wat jy kan,” sê sy.



Kry al die inligting en werk wat jy nodig het, sê kenner.

Foto: ISTOCK

Wenke van kenners om die groot leerwerk aan te pak:

■ Beplan goed

Vermeulen sê matrikulante moet begin deur ’n deeglike rooster op te stel.

“Die rooster moet duidelik uit-eensit hoeveel tyd jy het om elke dag te leer.”

Volgens Hugo kan leerlinge in twee weke by al hul vakke uitkom indien hulle ’n gebalanseerde rooster het.

De Waal stel voor dat dié rooster oral in die huis opgeplak word sodat die leerling konstant daaraan herinner word.

■ Werk vorige vraestelle uit

Om vorige vraestelle uit te werk kan ’n leerling op verskillende maniere help, sê Wonga Ntshinga van die Independent Institute of Education (IIE).

“Benewens dat jy die werk wat jy geleer het op ’n praktiese manier gaan oefen, kry jy ook ’n dieper begrip van die pas waarteen jy moet werk om die vraestel in die gegewe tyd te voltooi.”

Ntshinga sê leerlinge kry ook die kans om gewoon te raak aan die stres wat gepaardgaan met probleme en vrae wat in

Beeld-Skool

■ Beeld-Skool, vir die finale afronding en inskerping van wiskunde en fisiese wetenskappe vir gr. 11 en 12, word in September by die Universiteit van Pretoria gehou. Die Lente-skool is van 23 tot 27 September en die metakognitiewe kursus, met die oog op NBT-toetse, -eksamens en verdere studie, is op 28 en 29 September.

Stuur e-pos na skool@beeld.com vir inskryfvorms of skakel 083 380 1800. Jy kan ook aanlyn registreer by duxedmedia.com.

■ Verbeter jou prestasie met Beeld-Skool Leer & Presteer se oefenvraestelle vir alle grade wat vakonderwysers opgestel het. Die vraestelle en memorandum is beskikbaar by duxedmedia.com, of stuur e-pos na skool@beeld.com.

Gebruik voorbeelde wanneer jy oefen om probleme op te los, soos in wiskunde. “Moet nooit net daarna kyk of dit bloot deurlees nie. Stel jou eie voorbeelde op, maar gebruik ander waardes,” sê hy.

■ Vermy Instagram en WhatsApp

De Waal stel voor dat leerlinge heeltemal wegbly van hul foon en net oproepe van hul ouers of studiegroep beantwoord.

Maree meen die gebruik van sosiale media en rekenaars hoef nie heeltemal uitgesny te word nie. “’n Mens kan wel nie jou studie heeltyd onderbreek deur byvoorbeeld op WhatsApp-boodskappe te reageer nie. Geen mens kan behoorlik leer as jou aandag heeltyd afgelei word nie.”

Maree stel voor dat jy net in jou studiepouses op boodskappe reageer en aandag aan sosiale media gee.

■ Jou studievertrek

Maree sê die regte temperatuur moet verseker word in die vertrek waar ’n mens leer.

“Maak ook seker daar is genoeg lug en lig. Probeer om nie te lê en leer nie. Vermy dit om voor ’n venster te studeer, veral as jou aandag maklik afgetrek kan word.”

■ Dit is net ’n eksamen

De Waal sê matrikulante moet uiteindelik tog onthou dit is nét ’n antwoordstel en nie ’n doods-vonnis nie.

“As jy swak punte kry, is dit nie die einde van die wêreld nie. Punte is net punte, dis nie lewensbedreigend nie. Daar is altyd ’n tweede kans en dis nie iets wat in ’n krisis moet ontaard nie.”

verskillende formate gevra word. “Jy kry ook groter insig in jou werk wat jy nie kan kry deur slegs jou handboek deur te lees tot die dag van jou eksamen nie.”

■ Teorie vs. probleemoplossing

Prof. Kobus Maree, opvoedkundige sielkundige aan die Universiteit van Pretoria (UP), sê daar is ’n duidelike verskil tussen teorie leer of prakties probleme oplos, veral in wiskunde.

“Wanneer jy teorie leer, moet jy lees en probeer verstaan wat jy lees. Leer feitekennis totdat jy dit ken.”